PRIO

x 5

tg/goldston/regs

**PERSVERKLARING DEUR SY EDELE REGTER R J GOLDSTONE, VOORSITTER VAN DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK NA DIE VOORKOMING VAN OPENBARE GEWELD EN INTIMIDASIE**

Ernstige geweld het op 3 en 4 Desember 1991 in Bruntville, Mooirivier uitgebreek. Die Kommissie het besluit dat die oorsake van dié geweld deur hulle ondersoek moet word. 'n Komitee van die Kommissie is onlangs daargestel om ondersoek in te stel na die optrede van openbare betogings. Dié Komitee sal daarbenewens ondersoek instel na die voormelde gebeure in Bruntville. Die Komitee is saamgestel uit myself as Voorsitter, advokaat N Rossouw, SC, die Ondervoorsitter van die Kommissie en professor D van Zyl Smit, die Dekaan van die Regsfakulteit by die Universiteit van Kaapstad.

Getuienis sal in die openbaar deur die Kommissie te Mooirivier Stadsaal vanaf 14 Januarie 1992 om 09:00 aangehoor word. Belanghebbendes kan by die ondersoek verteenwoordig word. Voorleggings of verklarings deur getuies wat oor relevante inligting beskik, moet nie later as 10 Januarie 1992 voorgelê word aan:

DIE SEKRETARIS
GOLDSTONE-KOMMISSIE
PRIVAATSAK X858
PRETORIA
0001

PRETORIA

20 Desember 1991